Persverklaring 6:

Suidooster-akteurs en Annie's Wardrobe bring die tweede rondte van Filmit se mentorskapprogram tot 'n wonderlike einde

Met minder as 'n maand voor deelnemende finaliste hul finale produk ('n kortfilm en 'n filmplakkaatontwerp) moet indien, het Suidooster-akteurs, Esther von Waltsleben, Marco Spaumer, Jawaahier Petersen, Eden Classens en Dean Smith vir oulaas ingespring en Filmit finaliste bygestaan in die voorbereiding van die verfilming en redigering van hulle onderskeie kortfilms.

Marco Spaumer, wat die rol van Tim du Plooy in Suidooster vertolk, het met finaliste uit Hoër Jongenskool Paarl (Boys' High), CBC St. Johns (Parklands), Curro Durbanville en Parkdene Hoërskool in George gewerk. Marco was "beïndruk en by tye verbaas deur die brawe idees en keuses wat die leerders tydens hul kreatiewe proses gemaak het". Volgens Spaumer is dit duidelik dat "dié generasie met hul blootstelling aan en vrye toegang tot selfone, sosiale media en stromingsdienste meer gemaklik is om te waag en buite hul gemaksones te beweeg. Die positiewe eienskap van elk van hierdie skole is hulle bereidwilligheid – om elke idee en gedagte wat ek na hulle kant toe gegooi het – met ope arms te ontvang en hul eie te probeer maak. Die ervaring was wonderlik en baie meer stimulerend as wat ek verwag het".

'n Verdere toevoeging tot die Filmit mentorskapspan is Annie's Wardrobe van Kaapstad. Deelnemende leerders is uitgenooi om 'n karakter- en kostuumbord in samehang met hul teks-in-wording in te dien. Die ervare personeel van Annie's Wardrobe het hul kennis en tyd ingespan om hierdie stemmingsborde te evalueer, notas te maak en advies te gee oor hoe leerders hul karakteruitbeeldings deur middel van kostuumbeplanning en -ontwerp kan verbeter. "Annie's Wardrobe het van dag een 'n ferm en toegepaste beleid om beide as formele mentors sowel as toeganklike verskaffers vir nuwelinge wat ons wonderlike vermaalikheidsbedryf betree, te wees. Dit is ons plesier en voorreg", het Ernst Seegers (Annie's Wardrobe) bevestig. Volgens Seegers het vele studente in die verloop van twintig jaar van Annie's Wardrobe se bestaan, van hulle beste kliënte met hul eie maatskappe geword. Baie van hierdie maatskappye verskaf vandag werk vir vele ander binne die vermaaklikheidsbedryf.

Noudat die tweede mentorskapfase tot 'n einde gekom het, moet alle filmspanne die verfilmings- en redigeringsproses self afhandel. Alle kortfilms en gepaardgaande filmplakkate moet teen 11 Oktober ingedien word. Hierdie films sal op Paul Roos Gimnasium se YouTube-kanaal gelaai en gestroom word waar die publiek tussen 18 en 24 Oktober vir hul gunsteling film kan stem. Kontantpryse ter waarde van R25 000 is deur ClemenGold geborg. Wenners ontvang ook 'n een-tot-een mentorskapsessie met glanspersoonlikhede en industriespesialiste soos Neil Sandilands, Nicole Fortuin, Erica Wessels, Deon Lotz, Infinity Films en meer. Pryse sluit onder andere ook besoeke aan filmateljees en spesiale effek produksiehuis Gravitron in. Die "Red & Yellow Creative School of Business" het 'n aanlyn grafiese-ontwerpkursus ter waarde van R16 500 geskenk vir die leerder wat die beste filmplakkaat ontwerp. Die kompetisie en volledige mentorskapprogram is moontlik gemaak deur Atterbury en WeBuyCars.